Access fun Grade 8–12 quizzes, matric past papers, K53 learner mock tests, and NBT prep!

All in one easy-to-use app.

DOWNLOAD GO STUDY NOW

Download on the App Store

GET IT ON Google Play

Tap on the buttons above to download the app

www.gostudy.club

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 11

NOVEMBER 2020

GEOGRAFIE V2
EKSEMPLAAR

PUNTE: **150**

TYD: **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE vrae.
2. Alle diagramme is in die BYLAE ingesluit.
3. Illustreer jou antwoorde met geannoteerde diagramme waar moontlik.
4. Laat ’n lyn oop tussen onderafdelings van die vrae wat beantwoord word.
5. Begin ELKE vraag aan die bokant van ’n NUWE bladsy.
6. Nommer die vrae korrek volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik word.
7. Moet NIE in die kantlyn van die ANTWOORDEBOEK skryf NIE.
8. In AFDELING B word jy van ’n 1 : 50 000 topografiese kaart (2527BD HARTBEESPOORTDAM) en ’n ortofotokaart van ’n gedeelte van die gekarteerde gebied voorsien.
9. Toon ALLE berekeninge en gebruik die formules, waar van toepassing. Punte sal hiervoor toegeken word.
10. Dui die maateenheid in die finale antwoord van berekening aan, bv. 10 km; 2,1 cm.
11. Jy mag ’n nieprogrammeerbare sakrekenaar en ’n vergrootglas gebruik.
12. Die gebied wat met ROOI en SWART op die topografiese kaart afgebaken is, verteenwoordig die gebied wat deur die ortofotokaart gedek word.
13. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

AFDELING A: ONTWIKKELINGSGEOGRAFIE, HULPBRONNE EN VOLHOUBAARHEID

VRAAG 1

1.1 Kies die korrekte woord(e) uit die tussen hakies wat elke stelling geografies KORREK sal maak. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.1.1–1.1.8) neer.

1.1.1 Volgens die Brandt-verslag word 80% van die wêreld se inkomste in die (noorde/suide) verdien.

1.1.2 (Eerste/Derde) wêreldlande voer hoofsaaklik grondstowwe uit.

1.1.3 ’n Beperking van (Rostow/Friedman) se model is dat dit nie bevolkingsgroeitempo in ag neem nie.

1.1.4 Deur ’n entstof vir die Corona-virus (COVID-19) te vind, is ’n voorbeeld van ontwikkeling op ’n (streeks-/globale-) omvang.

1.1.5 (Bo-na-onder / Onder-na-bo) -benadering is dikwels ’n meer suksesvolle benadering in gemeenskapsgebaseerde ontwikkeling.

1.1.6 Die volhoubaarheidsmodel sluit die (kern en periferie/ekonomie en omgewing) in.

1.1.7 Ontwikkeling in (Eerste/Derde) wêreldlande word deur ’n markekonomie bereik. (7 x 1) (7)

1.2 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.2.1–1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.9 A.

1.2.1 … is die wêreld se mees verhandelde kommoditeit.

A Katoen
B Koring
C Olie
D Goud

1.2.2 Hulp van skenkerlande wat soms maskers en ventilators insluit, in tye van ’n mediese krisis, is ’n voorbeeld van ... hulp.

A tegniese
B voorwaardelike
C uitvoer
D humanitêre

1.2.3 … vorm die basis van ’n uitvoer-gerigte benadering tot ontwikkeling.

A Tegnologie
B Vervaardiging
C Mynbou
D Konstruksie

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

1.2.4 … is ’n voorbeeld van ’n handelsverhouding wat plaaslike produkte teen buitelandse kompetisie beskerm.

A Handelsversperrings/handelsbeperkings
B Vryehandel
C Regverdige handel
D Onregverdige handel

1.2.5 ’n Geslagsongelykheidindeks van ..., dui meer gelykheid tussen mans en vroue aan.

A 0,83
B 0,48
C 0,21
D 0,64

1.2.6 Handelsblokke moedig … aan.

A regverdige handel
B onregverdige handel
C vryehandel
D handelsbeperkings

1.2.7 … beskryf die verhouding tussen die waarde van ’n land se uitvoere en invoere.

A Handelsterme
B Handelsbalans
C Betalingsbalans
D Bruto nasionaleproduk

1.2.8 … is die wêreld se vinnigste ontwikkelende ekonomie.

A Suid-Afrika
B Japan
C China
D Indië (8 x 1) (8)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

1.3 Verwys na die spotprent in FIGUUR 1.3 wat 'n ekonomiese aanwyser van ontwikkeling toon.

1.3.1 Wat is die *Gini-koëffisiënt?* (1 x 1) (1)

1.3.2 Hoe beeld die spotprent die Gini-koëffisiënt uit? (1 x 1) (1)

1.3.3 Sou die Gini-koëffisiënt in hierdie spotprent 'n statistiese telling nader aan nul (0) of een (1) toon? (1 x 1) (1)

1.3.4 Bespreek DRIE maniere waarop 'n land die verdeling van welvaart in 'n land kan verbeter. (3 x 2) (6)

1.3.5 Verduidelik hoe DRIE positiewe demografiese aanwysers 'n verbetering in die ekonomiese vlak van ontwikkeling van 'n land, kan toon. (3 x 2) (6)

1.4 Lees die artikel in FIGUUR 1.4 wat na globalisering verwys.

1.4.1 Volgens die artikel, hoe het globalisering gehelp met die verspreiding van die COVID-19 pandemie? (1 x 1) (1)

1.4.2 Haal EEN voordeel van globalisering uit die artikel aan. (1 x 1) (1)

1.4.3 Noem EEN voorbeeld van 'n multinasionalekorporasie (MNK) in die artikel. (1 x 1) (1)

1.4.4 Bespreek hoe die COVID-19 pandemie 'n nadeel vir multinasionalekorporasies (MNK's) kan wees. (2 x 2) (4)

1.4.5 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, verduidelik waarom globalisering nog steeds as die vernaamste stimulus vir ekonomiese groei in die wêreld gesien word. (4 x 2) (8)

1.5 Lees die gevallestudie in FIGUUR 1.5 oor gemeenskapsontwikkeling in Zambië en beantwoord die vrae wat volg.

1.5.1 Noem of die gevallestudie na landelike of stedelike gemeenskapsontwikkeling verwys. (1 x 1) (1)

1.5.2 Beskryf TWEE voorbeelde wat bewys dat Veronica se lewensgehalte verbeter het. (2 x 2) (4)

1.5.3 Die verbeterde lewensgehalte vir hierdie individue sal waarskynlik positiewe uitkringende effekte in hul gemeenskap hê. Stel TWEE positiewe uitkringende effekte vir Veronica se gemeenskap voor. (2 x 2) (4)

1.5.4 Beskryf DRIE voordele van die gebruik van hierdie tipe tegnologie waarna in die gevallestudie verwys word. (3 x 2) (6)

[60]

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

VRAAG 2

2.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (2.1.1–2.1.7) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 2.1.8 A.

2.1.1 ... is die enigste kommersiële kernkragstasie in Suid-Afrika.

A Kusile
B Arnot
C Koeberg
D Lethabo

2.1.2 Groen-energie is/word ...

A geproduseer met fossielbrandstof.
B hernubaar.
C nie-hernubaar.
D ’n produk van kweekhuisgasse.

2.1.3 ... is die kraguitleg wat die meeste van Suid-Afrika se elektriese-energie produseer.

A Telkom
B Sasol
C Eskom
D Koeberg

2.1.4 Die hoeveelheid koolstofdioksied wat deur ’n individu in die atmosfeer vrygestel word, word ... genoem.

A kweekhuisvoetspoor
B groenbeweging
C koolstofvoetspoor
D omgewingsvoetspoor

2.1.5 Die ... wat in 1997 geteken is, vereis van lande om hulle kweekhuisgasvrystellings te verminder.

A Parys-akkoord
B COP 17
C BRICS verdrag
D Kyoto-protokol

2.1.6 Energie wat vanuit warm gesteentes onder die aardoppervlakte verkry word, staan as ... energie bekend.

A biomassa
B geotermiese
C wind
D bio-brandstof

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

2.1.7 ... is die mineraal wat benodig word om kernkrag op te wek.

A Steenkool
B Goud
C Uraan
D Platinum (7 x 1) (7)

2.2 Kies die korrekte woord(e) uit die tussen hakies wat elke stelling geografies KORREK sal maak. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (2.2.1–2.2.8) neer.

2.2.1 Die (D/R)-horison is die diepste grondhorison in die grondprofiel.

2.2.2 ’n (Steil/Geleidelike) topografie veroorsaak goed-gedreineerde en steiler grond.

2.2.3 Ontbossing is ’n (menslike/fisiese) agent van erosie.

2.2.4 Grondkleur word deur (tyd/moederrotse) beïnvloed.

2.2.5 Humusinhoud kom meestal in die (bo-grond/ondergrond) voor.

2.2.6 Die vernaamste agent van gronderosie is (water/droogte).

2.2.7 (Hernubare/Nie-hernubare) hulpbronne word konstant deur die natuur geproduseer.

2.2.8 Gedeeltelik verweerde gesteente-materiaal word in die (regoliet/ondergrond) aangetref. (8 x 1) (8)

2.3 Verwys na die spotprent in FIGUUR 2.3 wat die verhouding tussen hulpbronne en ekonomiese ontwikkeling aantoon.

2.3.1 Noem die natuurlike hulpbron wat in die spotprent uitgeput word. (1 x 1) (1)

2.3.2 Volgens die spotprent, waarom word hierdie natuurlike hulpbron uitgeput? (2 x 1) (2)

2.3.3 Hoe affekteer die uitputting van hierdie natuurlike hulpbron die omgewing? (2 x 1) (2)

2.3.4 Bespreek die positiewe ekonomiese impak wat die uitputting van hierdie hulpbron op die ontwikkeling van ’n land het. (2 x 2) (4)

2.3.5 Verduidelik hoe lande meer volhoubare strategieë kan implementeer om hulle natuurlike hulpbronne te beskerm. (3 x 2) (6)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

2.4 Verwys na FIGUUR 2.4 wat Suid-Afrika se energieplan toon.

2.4.1 Watter persentasie van Suid-Afrika se energieplan sal steenkool in 2030 uitmaak? (1 x 1) (1)

2.4.2 Noem enige TWEE ander konvensionele energiebronne wat ’n deel van Suid-Afrika se energieplanne in 2030 sal wees. (2 x 1) (2)

2.4.3 Waarom sal Suid-Afrika nog steeds in 2030 so op steenkool steun? (2 x 1) (2)

2.4.4 Bespreek die impak wat Suid-Afrika se steun op steenkool op die omgewing sal hê. (2 x 2) (4)

2.4.5 Verduidelik waarom kernkrag nie ’n belangrike rol in Suid-Afrika se energieplan in 2030 sal speel nie. (3 x 2) (6)

2.5 Verwys na FIGUUR 2.5 wat nie-konvensionele energiebronne illustreer.

2.5.1 Waarom is son- en windenergie voorbeelde van nie-konvensionele energiebronne? (1 x 1) (1)

2.5.2 Gee TWEE bewyse uit die skets om die stelling te ondersteun dat die bron van nie-konvensionele energie relatief goedkoop is. (2 x 1) (2)

2.5 3 Hoe kan son-energie voordelig vir Suid-Afrika se huidige energiebronne wees? (2 x 1) (2)

2.5.4 Beskryf die negatiewe impak wat windturbines wat gebruik word om wind-energie op te wek, op die omgewing kan hê. (1 x 2) (2)

2.5.5 In ’n paragraaf van ongeveer AGT reëls, verduidelik die impak wat die nie-konvensionele energiebronne, in die skets uitgebeeld, op die ekonomie van Suid-Afrika sal hê. (4 x 2) (8)

[60]

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

AFDELING B: GEOGRAFIESE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE

Die onderstaande vrae is gebaseer op die 1 : 50 000 topografiese kaart 2527 DB HARTBEESPOORTDAM, sowel as die ortofotokaart van 'n gedeelte van die gekarteerde gebied.

3.1 3.1.1 Die skaal van die topografiese kaart is 1 : 50 000. Skryf die skaal as 'n woordskaal neer. (1 x 1) (1)

3.1.2 Wat is die reguitlyn-afstand vanaf peilbaken 104 in blok **C2** tot punthoogte 1521 in blok **B3**? Gee jou antwoord in meter. (2 x 1) (2)

3.2 3.2.1 Bereken die magnetiese deklinasie van Hartbeespoortdam vir 2020. Toon ALLE berekeninge. Punte sal vir berekeninge toegeken word. (5 x 1) (5)

3.2.2 Vergelyk die magnetiese deklinasie van 2020 met die magnetiese deklinasie vir 2012 en dui aan watter een die grootste is. (1 x 1) (1)

3.2.3 Motiveer jou antwoord op VRAAG 3.2.2. (1 x 1) (1)

3.3 3.3.1 Die verskynsel by **5** op die ortofotokaart is ('n) ...

A rugbyvelde.
B tennisbane.
C oop parkeergebied.
D suiweringsplantasie.

3.3.2 Die primêre ekonomiese aktiwiteit by **P** in blok **A1** is ('n) ...

A sportvelde.
B uitgrawings.
C bewerking.
D nie-standhoudende rivier.

3.3.3 Identifiseer die omgewingsfaktor wat die gebied in blok **C5** affekteer:

A Rivier
B Dam
C Rioolwerke
D Pad (3 x 1) (3)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

3.4 Verwys na die FEITE-LÊER (FIGUUR 3.4) van die Hartbeespoortdam en die topografiese kaart.

Die Schoemansville-stadsraad het besluit om die vlak van ontwikkeling in die gebied deur middel van toerisme te verbeter. Bespreek hoe die stadsraad die gebied kan bevorder deur bewyse uit blokke **B2** en **B3** te gebruik. (2 x 2) (4)

3.5 Verwys na blok **E1** op die topografiese kaart.

3.5.1 Identifiseer die omgewingsprobleem wat in die gebied aangetref word. (1 x 1) (1)

3.5.2 Watter TWEE volhoubare strategieë kan geïmplementeer word om die impak wat by VRAAG 3.5.1 geïdentifiseer is, te voorkom en te kontroleer? (2 x 2) (4)

GEOGRAFIESE INLIGTINGSTELSELS (GIS)

3.6 Verwys na FIGUUR 3.6, wat van die Hartbeespoortdam in blok **B2** op die topografiese kaart geneem is, en beantwoord die volgende vrae.

3.6.1 Is die foto 'n raster- of vektorbeeld? (1 x 1) (1)

3.6.2 Gee 'n rede vir jou antwoord op VRAAG 3.6.1. (1 x 2) (2)

3.6.3 Watter tipe ruimtelike voorwerp is die damwal in blok **B2** op die topografiese kaart? (1 x 1) (1)

3.7 Verwys na die ortofotokaart.

3.7.1 Het die ortofotokaart 'n *lae* of *hoë resolusie*? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1 + 1 x 2) (3)

3.7.2 Noem EEN faktor in die afstandwaarnemingsproses wat die resolusie van die ortofotokaart kan beïnvloed. (1 x 1) (1)

[30]

GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore